

## Werksdokument : Die verarming en veroudering van gemeentes.

### **1. Opdrag:**

Om 'n Studie te doen oor moontlike praktiese opsies en alternatiewe om die probleem van die verarming en veroudering van gemeentes aan te spreek.

### **2. Werkswyse:**

Die werkgroep het by verskeie geleenthede vergader, en die sake onderling verdeel om dan weer gesamentlik bespreek te word. Die werkgroep besef dat die onderwerp so wyd is dat hierdie nie 'n afgehandelde gesprek of proses is nie. Dit wat gebied word, bied egter die moontlikheid tot verdere besinning en praktiese toepassing. Die werkstukke soos dit verskyn het, is deur "Die Posduif" versprei. Leraars en ander is genooi om insette te lewer. Die reaksie was nie huisoorweldigend nie.

### **3. Afskaling in gemeentes:**

Sake wat op korttermyn oorweeg en geïmplementeer kan word:

#### **3.1 Gemeentes:**

1. In die afskaling van 'n gemeente moet die omgekeerde pad gevolg word as by die ontstaan van 'n gemeente bv.
 

Ontstaan:	Afskaling:
- Afstigting	- Skaal bedieninge af
- Beroep 'n leraar	- Sluit die kerkkantoor
- Bou 'n kerkgebou	- Verkoop die kerkgebou
- Vestig kerkkantoor	- Soek alternatiewe bediening
- Vestig bedieninge	- Samesmelting
2. Oppas vir onheilige drie-eenheid: predikant, kerkgebou, finansies. Moenie voortbestaan koppel aan bogenoemde drie sake nie.
3. Bediening is belangriker as strukture en geboue en instandhouding van sisteme.
4. Gemeentes moet pro-aktief bewus raak van tendense en gevaartekens. Kry hulp van buite soos bv. Ring, SOK, fasilitateerders. Gebruik meetinstrument vanaf SOK en trek 'n grafiek wat kan help om komende krisis vroegtydig te bestuur.
5. Gemeentes moet luister na raad en aanbevelings vanaf ring en hulle daarvan onderwerp. 'n Gemeente is nie objektief en rasioneel as hulle in 'n finansiële krisis sit nie aangesien daar te veel sentimente betrokke is.
6. Gemeentes moet alle moontlikhede ontgin om fondse te in.
7. Die ampsbediening in 'n gemeente is van kardinale belang. Gemeentes groei nie en verloor selfs lidmate. Daar is 'n gebrek aan toewyding by ampte en lidmate. Leraar en gemeente moet herbesin oor hulle visie en verantwoordelikheid as lidmate. Toerusting moet gegee word om mense te begelei tot 'n gesonde kerkbegrip en bybelse rentmeesterskap. Daar moet nuut gekyk word na spiritualiteit in 'n gemeente se soek om relevant te bly vir die lidmate.
8. Lidmate moet bemagtig word. Ons gebruik te maklik betalende amptenare en betalende dienste terwyl ons met 'n klomp lidmate sit met al die moontlike gawes. Laat lidmate

almeer verantwoordelikheid neem vir die diens en instandhouding in gemeente. Is betalende skriba, kassier, koster, orrellis, eiendomherstel, ens. nog haalbaar terwyl gemeente finansieel swaarkry.

9. Gemeentes kan onderling hulp verleen aan mekaar as daar 'n gemeente is wat finansieel swaarkry dmv. subsidies, geloofbelofte offers vir hulp aan die gemeentes, vennootskappe, uitkontraktering van leraar se dienste, netwerk van predikante, fisiese hulp, gedeelde administratiewe en bestuursdienste, ens.
10. Alternatiewe bedieningswyses kan oorweeg word.
11. Op die platteland kan die moontlikheid oorweeg word om met ander kerke buite NG kerk verband, saam te werk.
12. Beweeg na 'n multikulturele bediening.
13. Gebruik emeriti om in kleiner afgeleë gemeentes te help.
14. Samewerkingsooreenkoms met buurgemeentes.
15. Kombinasie met buurgemeentes. Bly een van die beste opsies. Verskillende gemeentes behou elkeen hulle eie karakter en identiteit. Word deur een leraar bedien. Indien omstandighede positiief verander kan gemeentes weer selfstandig word.
16. Verskeie bedieningspunte in een gemeente.
17. Samesmelting met 'n ander gemeente. Veral in plekke waar daar meer as een gemeente in dieselfde dorp/stad is.

### **3.2 Die Ring:**

1. Binne ringsverband moet saam verantwoordelikheid geneem word.
2. Daar moet voortdurend na die demografiese verandering in die gebied gekyk word. Kyk na tendense en tree pro-aktief op. Betrek die fasiliteringspan van die sinode.
3. Saam met die gemeente moet gesoek word na wat die aanleidende oorsake is en watter strategie aangewend word om probleme aan te spreek.
4. Fasilitate gesprekke in die ring oor hoe om probleme aan te spreek en groter samewerking tussen gemeentes te verkry.
5. Ondersoek die moontlikheid om 'n ringsfonds te vestig waaruit gemeentes gehelp kan word.
6. Ringe moet meer ferm optree in sy hulp en raad aan gemeentes. Moenie beroepe goedkeur as die ring nie daarmee saamstem nie. Gemeentes is nie objektief as hulle in 'n krisissituasie is nie.
7. Ondersoek die moontlikheid van kuratorskap indien 'n gemeente finansieel swaarkry.
8. Neem leiding in die vestiging van gedeelde administratiewe en bestuursdienste. Kyk waar leraars en en infrastruktuur van ring die gemeentes kan help.
9. Maak erns met die pastorale versorging van die predikante. Baie se belewing in sulke krisisse is dat die kerk hulle in die steek laat.
10. Sorg vir positiewe kommunikasie tussen ring en gemeentes en gemeentes onderling. Gemeentes moet besef hulle het 'n gesamentlike verantwoordelikheid en staan nie teenoor mekaar nie.

### **3.3 Die Sinode:**

1. Help met die vestiging van 'n gesonde kerkbegrip waar lidmate hulle verantwoordelikheid erken.
2. Hulp met die aanbied van die kursus oor rentmeesterskap.
3. Verskaffing van administratiewe en bestuursdienste aan gemeentes.

4. Sorg vir positiewe kommunikasie tussen sinode en ringe en gemeentes.
5. Vestig 'n eeniformige beleid t.o.v. hulpverlening aan VGK gemeentes en NG gemeentes.
6. Help met die voortdurende ondersoek na die demografiese verandering in die sinodale gebied en die uitwys van tendense. Moet gemeentes en ringe help om pro-aktief te dink en te beplan.

### **3.4. Aanbevelings:**

**3.4.1. Die SOK beveel aan dat die SRK die bepalings wysig dat die ring alle beroepe moet goedkeur. Nie net indien 'n nuwe pos geskep word nie, maar ook waar vakatures ontstaan.**

### **4. Sake vir verdere besinning:**

Die werkgroep het verskeie sake geïdentifiseer waарoor gevoel is dat dit beslis verdere besinning vra, nl.

- Gesonde Kerkbegrip en kerkwees.
- Rentmeesterskap.
- Subsidiebeleid van die Sinode.
- Aanwending van predikante.
- Opleiding van predikante.

### **4.1 Gesonde Kerkbegrip en kerkwees:**

(Die volledige verslag en gedagtes deur Gerhard Louw is deur "Die Posduif" versprei. Gesprekke is met verskeie teoloë en leraars gevoer)

#### **4.1.1 Kerkwees in die tyd van Jesus Christus:**

Jesus se leringe en voorbeeld het hom in ernstige diskrediet gebring by die Joodse godsdiensleiers. Sy bediening aan diégene op die rand v/d samelewing staan in skerp kontras met die amptelike godsdiensbestel van sy dag. Hy assosieer met tollenaars en sondaars, uitgeworpenes, onbekendes en haweloses (MATT 11:19). Dit was juis die mense wat deur die leiers vermy is. So illustreer Jesus die hart van ware Kerkwees, om lief te hê, werklik om te gee ter wille van die Koning van die Kerk. Dit is nie dat Jesus eenvoudig net radikaal/stroomop wil wees nie, maar omdat die mense nie sy (JX se) liggaam na sy wil laat funksioneer nie; immers Hy as hoof (KOL 1:18/EFES 4:15-16) moet tog toesien dat sy "idée" van/plan met kerkwees prakties realiseer.

Teenoor dié hiérargiese en patriargale stelsel het Jesus God se Koninkryk verál bekend gestel aan onreines en (oënskynlik) onbelangrikers soos bv vroue, kinders, knegte, armes en weerloses. Uiteindelik sterf Hy 'n vernederende kruisdood – maar die ironié is dat juis dit die hóófinhoud v/d vroeë Christendom se prediking word. Dit begin met sy lewensverhaal van nederige diens aan almal wat uitloop op die paradok-sale verhaal van sy dood/opstanding. Maar die kruis word juis die krág v/d Evangelie – hoe onmoontlik/onverstaanbaar dit ookal vir

die destydse wêreld lyk (1 KOR 1:18-31) Die vroeë kerk - krágtig in haar nederigheid, medelye, eenvoud en kruisdra....

#### **4.1.2 Kerkwees tans?**

In die vierde eeu laat Konstantyn die christendom die amptelike staatsgodsdienst word. Dit wil lyk asof van daar die amptelike kerklike masjinerie stelselmatig die klem verskuif na imposante stelsels en strukture. Skielik is dit weer katedrale en kardinale, prinse en pouse. Vinnig syfer die magnetiese krag v/d kerk as alternatiewe gemeenskap waar armes versorg, gemarginaliseerde hoog geag word en individue God se goedheid per-sóónlik beleef, in die sand weg.

**Waar bevind ons onself?** Het die NG Kerk impak op die omgewing? Het ons 'n genesende invloed op ons buurt/distrik? Lé Jesus Christus se voetspore vandaag stéeds elke markplein, koffiewinkel, plakkertkamp en hospitaal vol, omdat óns,chrístene daar rondloop en nederig bedien?.... Indien Kerkwees na die wil van die Koning van die Kerk nie tot sy reg kom nie, waar lê die haakplek?

**Die volgende vrae en opmerkings probeer 'n antwoord formuleer op die vraagstuk.**

**(1) Staan die kruís nog sentráál in ons teologie/kerkwees?** Is kruisdra kenmerk van ons kerkwees?....Dit hoort te wees, want maak jy die dogma lós v/d kruis, vervlak die leer na net nog 'n stel reëls/regulasies soos by enige klub/organisasie. Kruisdra Is die logiese gevolg van ábsolute gehoorsaamheid aan Woord/ Gees. Die wêreld verdra nié die "alternatiewe" leefstyl nie. Duisternis hou nié van lig nie! (JOH 3:19-21) Kruisdra is in essensie om uit gemaksone te beweeg en brand-punte te betree ten spye van koste!. Dit vra om lewende Godwelgevallige offers te wees (ROM 12:1b/FIL 2:17).Ons is of moet wees, priesters wat 'n koninklike verskil maak(1 Petr. 2:5) Daar is koste aan verbonden: *Geen kroondraer in die hemel wat nie op aarde 'n kruondraer was nie....*

**(2) Wat gebeur by ons fakulteite?** Het elkeen wat aanmeld régtig 'n roepings-bewustheid? Word dit deurlopend "getoets"? Hoe lyk die teologie wat geleer word? Waar staan elke dosent in sy/haar verhouding met die Here (sónder om die wat nie noodwendig teologies saamstem nie, te "verketter")? Is daar nog piëteit? Word die gesag van die Woord nog erken en geag? Is ons probleem nie dat ons (in die lig van "nuwe" ontdekkinge/insigte) God aan die hand van ons bestaande teologie beoordeel in pláás daarvan om ons teologie aan die hand van Gód te gaan beoordeel nie?

Wêreldwyd word groot gewag gemaak v/d NGK se dééglige opleiding? Hoekom kwyn die Kerk ten spye van sulke "déégliek opgeleide" leraars? 'n Kerklike leier merk op "*Dalk moet God in sommige gemeentes eers 'Jona v/d skip afhaal' voordat Hy die skip kan red.*" Het elke leraar nog 'n roepingsbewustheid en het hy'sy 'n lewende getuenis oor sy/haar pad met die Here? En as hierdie dinge seergeskry het, moet daar dan nie met groter erns gekyk word na die onderlinge versorging van leraars en gesinne nie?

**(3) Leierskap.** Kerklike leierskap staan in die brand-punt. Leiers se roeping kernagtig gesien, lê daarin om die Kerk te begelei tot geloofsvolwassenheid , verantwoordelikheid, dienslewering, onderlinge opbou en uitbou. Daar was gevalle van onverantwoordbare leierskap in die Bybel (bv JES 28) Die Nuwe Testament gee duidelike riglyne oor hierdie saak, vgl LUK 22:24/ROM 12:8/1 TIM 3, Efesiërs 4. Dit is dúidelik dat kerklike leiers 'n opdrag het wat die vestiging en úítbouing v/d kerk raak - LW nié net instandhouding nie! Dit

alles vind plaas in die gesindheid van liefde en deernis. Ons lees van ouderlinge wat lidmate geestelik begelei het, van diakens wat armes/weduwees versorg het.... Bybelse leiers wéét wat dit beteken om naby God en met 'n ware gesindheid van diénslewering te leef. Dit is duidelik dat leierskap nie 'n posisie is waarom geveg word nie, maar 'n funksie wat vervul moet word ter wille van die welwese van God se Kerk. Dit gaan om lidmate te bemagtig tot diens. Dalk moet meer gemaak word van kleingroepe as voertuie om mense *te bemagtig en ook te bedien*.

#### **(4) Die gemeente in Handelinge (Lees 2:43-47)**

Wat het in hierdie eerste christelike gemeente gebeur? Die woord is verkondig, mense het met vreugde saamgekom, die brood gebreek en wonders het gebeur. Natuurlik word verstaan dat dit 'n aantal jare in die verlede lê, maar verniet het die Here dit nie laat opteken nie.

- **'n Nuwe fokus op wonders?**

In 'n moderne Westerse wêreld het selfs die kerk begin skepties raak oor énige aan-spraak op die físiële realiteit van wonderwerke. Tipiese argumente is ondermeer dat wonders destyds nodig was om die kerk te vestig, en dat dit dan nou nie meer nodig is nie. Die wetenskap meen weer dat dinge wat waargeneem kan word, is wat werklik is. Lei die sienings nie huis tot verarming, en gebrek aan vertroue op die Here nie? Is dit nie iets wat lê in die hand van die Here nie? Hoe kan ons vir God besluit wat is nodig en wat nie? Wat moet ons maak met uitsprake van Jesus dat geloof soos 'n mosterdsaadjie ons die oënskynlik óンmoontlike gaan laat regkry (MATT 17:14-20) Vergelyk ook die gedeeltes waar Hy Sy dissipels uitstuur. Moet ons nie dalk toestem dat nie alles wat destyds in die christelike wêreld gebeur het alles in detail opgeteken is nie? Kan ons werklik sê dat daar 'n tyd gekom het waarin wonders nie meer nodig is nie.

Lei so 'n siening nie tot die miskenning van die waarheid dat daar steeds daagliks wonderwerke gebeur nie, en so ook tot ondankbaarheid en gebrek aan energie en vreugde? Sien ons dit raak, erken en vier, betuig ons dit? Glo ons nog régtig in die opstandingskrag van JX - wat ín ons as wedergeborenes aanwesig is - EFES 1:18-20? Is dit nie huis nou tyd om weer te bid vir wonderwerke, sodat God verheerlik word nie, en mense vreugdevol kan glo en dien nie? Of is die kerklike dogma/teologie 'n probleem/hindernis?

- **'n Nuwe fokus op liefde?**

Die vroeë Kerk was nie sonder sy probleme nie, maar een van die opvallende kenmerke was die deel in liefde, eiendom, besittings ens. Die kerk van vandag word uitmekáár geskeur deur verdagmakery, eie belang, selfsug, trots, bitterheid en die ónvermoë om te kan vergewe. Liefde is by alles vrug van die Gees! (Gal.5:22)

- **'n Nuwe fokus op die werk van die Gees?**

Die Gees is die Een wat die dissipels tot groot dinge in staat gestel het. Hulle is bevry van vrees, en het vasgestaan in die waarheid. Hy het hulle besondere gawes gegee. Moet die skriftuurlike gegewens oor die Gees nie weer nuut ernstig opgeneem word nie....."Julle sal krag ontvang wanneer die Gees oor julle kom" ..... of .... "Die Gees van God maak ons immers nie lafhartig nie, maar vul ons met krag, liefde en selfbeheersing....." (2 TIM 1:7) Watter ruimte laat die Kerk vandag vir die werk van die Gees? Is leiers, leraars, kerkraadslede óóp en ontvánklik vir die Heilige Gees om met ons gemeente te doen wat Gód beplan het om met ons te doen?

- **'n Nuwe fokus op aanbidding?**

Die vroeë christene se lewe het as't ware om die "tempel" gedraai. Die tempel was nie vir hulle bloot 'n "godsdienstige plek" nie. Hier is God aanbid en hier is God se stem gehoor.

Hiervandaanuit het hulle geleef! Is die gemeentelike samekoms die plek waar God van harte aanbid word, en waar nuut gehoor word? En as daar geluister is word dit geleef? Word dit oopregte dade van deernis en liefde? Natuurlik, ons word ook weer nie deur die dade gered nie, maar daarsonder beteken die geloof niks. (GAL 6:5/2 KOR 5:10/MATT 16:27). Daar is baie negatiewe kritiek teen die Kerk, maar watter aandeel het die Kerk self daarin hoeveel daarvan verdién ons? Sal dit nie verander as die Kerk aanbiddend luister en gehoorsaam reageer nie?

- **‘n Nuwe fokus op evangelisasie?**

Die Bybel getuig oor die eerste gemeente: “En die Here het elke dag mense wat gered word, by die gemeente gevoeg.” (HAND 2:47b) Onderlinge getuienis, getuienis deur die apostels was aan die orde van die dag. Mense is met ywer tot die Here geroep. Hoeveel erns het gemeentes met hierdie aspek van hul roeping? Sou die Kerk nie nodig hê om In ‘n tyd waarin alle hoof-stroom kerke dramaties kwyn, hand in eie boesem te steek en selfondersoek te doen nie? Wat is die Here besig om aan Sy Kerk te sê?

- **‘n Nuwe fokus op visie en missie?**

Die Here het ‘n droom vir Sy kerk? Is die Kerk, plaaslike gemeente inlyn met hierdie droom? Waar die visie reeds lank gevestig is, is dit dalk nodig om deur ‘n proses van hervisonering te gaan! Watter soort gemeente is ons, watter soort gemeente behoort ons te wees? Dit waartoe die Gees lei moet dan met oortuiging en ywer uitgeleef word.

- **‘n Nuwe fokus op toerusting en samewerking:**

Lees hieroor meer in die stuk oor die aanwending van leraars. ‘n Mens sou kon sê dat dit nie God se bedoeling was dat elkeen in sy eie klein wêredlje vasgevang sou word nie, maar dat daar onderling hande gevat word. Die boek van Coenie Burger, “Ontmoetings met die lewende God”(2005, Lux Verbi. BM), raak hierdie saak na behore aan. Hy sê onder andere: “Een van die moeilikste maar wonderlikste lesse wat ons in die skool van die geloof leer, is dat ons die Here met veel meer vreugde kan dien as ons dit nie op ons eie probeer doen nie.”(p. 150) Sou een leraar dus nie meer as een kleiner eenheid kon bedien, en die lidmate skool om hul te help om uitvoering te gee aan hul roeping nie? Sou daar nie soms saamgewerk kon word met ander denominasies, sonder die prysgawe van eie identiteit nie?

- **Nuwe fokus op die basiese waarhede: “Back-tot-the basics”**

Is iets hiervan nie nodig nie? ‘n Senior amptenaar van ‘n baie groot korporasie het in antwoord op die vraag oor waar hulle sukses lê, gesê: (a) Nuwe, vars en helder leierskap, (b) fokus op kérnsake, (c) die weer begin “rérgdoen van básiese dinge”. Die grootste herlewings in die kerkgeskiedenis het nie altyd gekom met die ontdekking van núwe waarhede nie, maar dikwels met die hérontdekking van “ou” Bybelse waarhede!

#### **4.1.3 Aanbevelings:**

**4.1.3.1 Gemeentes word aangemoedig om die materiaal van die luisterseisoen te gebruik om sodoende weer met ‘n oopgemoed na God, na mekaar en na die nood van die wêrelde te luister.**

**4.1.3.2 Gemeentes word aangemoedig om te hervisioeneer. Waarvoor is ons hier en waar en hoe moet ons aanpassings maak. Die fasiliteringspan van die sinode kan hiermee help.**

## **4.2 Rentmeesterskap.**

### **4.2.1 Inleidend:**

1. Wanneer gemeentes verarm is die versoeking groot om eerder op oorlewing te fokus, as op die uitlewing van gemeente se roeping.
2. “n Gesonde gemeente se visie na buite is altyd groter as sy eie bestaan”
3. “n Visie het middele nodig, maar middele sonder visie is leeg”
4. Daar moet opnuut besin word of verarming slegs aan dalende lidmaattal toegeskryf kan word en of gemeentes wel verarming tsv dalende lidmaattal kan aanspreek.
5. Die uitdaging wat verarming ons bied, benodig nuwe denkpatrone oor rentmeesterskap. Vrees gaan dikwels hand aan hand met verarming.
6. Geld word die oorwegende faktor in vergaderings (“kan ons dit bekostig?” in plaas van “wat roep die Here ons om te doen ?”)
7. Gemeentes en lidmate is nie eienaars van gawes, geleenthede, grond en tiendes nie, maar is bestuurdes van alles wat die Here aan ons gee.

Definisie:- Bybelse rentmeesterskap behels die produktiewe en vreugdevolle verkryging, bestuur, gee, gebruik en deel van die beste van ons geleenthede (tyd), gawes (talente), grond (aarde en alles daarop) en geld (goed) met die oog op die uitbreiding van God se koninkryk.

8. Rentmeesterskap verskil van fondsinsameling.

Rentmeesterskap is ‘n geestelike saak, deel van dissipelskap, gehoorsaamheid aan die Here, die uitleef van jou verhouding met die Here (commitment tot ), om ook geld in regte Bybelse perspektief te plaas.

Rentmeesterskap vra van die lidmaat: “ Hoeveel roep God my om te gee uit dankbaarheid vir sy ongelooflike groot genade ?”

Fondsinsameling daarteenoor is die insameling van geld, behoeftes om die begroting te laat klop, iets wat die lidmaat negatief ervaar, gemaklik word om wêrelde maniere van fondsinsameling te gebruik ( pryse, kompetisies, veilings, woekerpogings)

Fondsinsameling vra die vraag: “Hoeveel het die gemeente nodig om die begroting te laat klop ? ”

Fondsinsameling as deel van ‘n rentmeesterskap program kan egter goeie vrugte afwerp.

### **4.2.2 BUVTON SE RENTMEESTERSKAP PROGRAM**

Buvton bied deelnemende werkswinkels vir gemeentes aan om ‘n Bybelse Rentmeesterskap in die gemeente met ‘n werkbare plan te laat groei.

1. Proses:  
‘n Naweek konferensie word gereel waartydens ‘n werkbare plan formuleer word om die gemeente tot gehoorsaamheid aan Bybelse rentmeesterskap te lei. Dit kan op ‘n jaarlikse dankofferverbintenisfees uitloop waar lidmate geleenthed kry om oor hulle rentmeesterskap na te dink.

In die proses word gefokus op die gelowiges se behoeftes om vir die Here te gee, eerder as die Kerk se behoeftes om te ontvang. Aandag word oa gegee aan die hernude toewyding en gehoorsaamheid aan die Here, groter openheid en gesprek oor rentmeesterskap, riglyne vir dankofferverbintenisse, administrasie tov dankoffers, bevordering van testamentêre bemakings.

2. Verarming in gemeentes het baie oorsake en moontlike oplossings, maar dit wil voorkom asof gemeentes stilstaan by lidmaatbydraes.

‘n Alternatiewe oplossing behels ‘n nuwe denkraamwerk en die loodsing van ‘n rentmeesterskapprogram.

Hierdie program beklemtoon:

- ‘n Persoonlike verbintenis, toewyding met die Here wat alle faset van jou lewe insluit – ook jou geld.
- Elke lidmaat se deelname aan die gemeente se visie.

Verarming in gemeentes is wel ‘n realiteit, maar ook ‘n uitdaging wat met Bybelse beginsels aangespreek kan word.

#### **4.2.3 Aanbevelings:**

##### **4.2.3.1 Die sinode bring weer die rentmeesterskap program van Buvton onder die gemeentes se aandag. Kontak die fasiliteringspan van die sinode daarvoor.**

#### **4.3 Subsidiebeleid van die Sinode:**

**Opdrag:** Daar moet indringend gekyk word na die subsidiebeleid van die Sinode.

**Werkswyse:** Daar is gekyk na bestaande formulerings van verskillende Sinodes. Die volgende moet oorweeg word:

##### **4.3.1 Beginsels om in ag te neem:**

- Hulp word verleen aan ‘n gemeente wat in ‘n oorlewingsstryd gewikkel is.
- Dit gaan nie om krisisbestuur nie, maar om langtermynoplossings.
- Die Ring fasiliteer ten opsigte van die beplanning en bestuur van die gemeente.
- Daar moet duidelikheid wees dat finansiële hulp die enigste en beste oplossing vir die gemeente se probleem is.
- Hulp moet vir ‘n beperkte termyn wees, sodat die gemeente nie daarvan afhanklik raak nie.
- Fondse mag nie gebruik word vir die onderhoud of instandhouding van eiendomme nie.
- Hulpverlening is onvoorwaardelik. Terugbetaling word nie geëis nie, en geen rente nie.
- ‘n Perk word geplaas op wat ‘n gemeente per jaar kan verkry.
- Dieselfde beleid word gevolg vir hulpverlening aan gemeentes van die hele NG Kerk familie.

- By berekening van hulp moet die volgende in ag geneem word:
  - a) Kontantvloeisituasie.
  - b) Inkomste en Uitgawe tendense.
  - c) Demografie van die gemeente.
  - d) Beskikbare hulpbronne.
  - e) Toekomsverwagting en moontlikhede.
  - f) Omvang/bestuur van gemeentelike skuld.
  - g) Administrasie en bestuur van gemeentelike hulpbronne.
  - h) Doelmatigheid en bedieningsprioriteite.
  - i) Aanbeveling van die RFK en/of Fasiliteringskommissie.
- Die fasiliteringspan van die sinode begelei 'n gemeente aan wie hulp verleen word.

#### **4.3.2 Alternatiewe moontlikhede te ondersoek:**

In 'n vasgelopte situasie is die geneigdheid om nie verder as die probleem te kyk nie. Alle moontlikhede moet ondersoek en ontgin word, bv.

- Kan 'n samewerkingsooreenkoms met die buurgemeente bereik word.
- Is eenwording/samesmelting dalk die oplossing?
- Kan ondersteuning uit Ringsfondse verleen word?
- 'n Hulpfonds by die Ring of Sinode waaruit armwordende gemeente gehelp kan word,  
wat aftrekbaar is van die Sinodale bydraes.
- Die oorweging van die voorstelle soos in hierdie verslag punt 3.1.
- Sinodaal:
  - a) Gemeentes word gehelp deur die sinodale bydraes so laag as moontlik te hou.
  - b) Jaarliks word die gedeelte van die Sinodale bydraes wat nie deur die Bedieninge gebruik word nie, aan gemeentes terugbetaal. (Oos-Tvl)
  - c) Kwesbare gemeentes: Die Sinode help gemeentes deur 'n vermindering van sinodale bydraes, aan kwesbare gemeentes toe te staan. 'n Kwesbare gemeentes is 'n gemeente wat 'n totale lopende inkomste van minder as R 520,000 per jaar het (Berekening van die Sinode van Oos Tvl vir 2004/2005) Hierdie bedrag word jaarliks bereken as die "minimum leefbare inkomste" vir 'n gemeente. Indien 'n gemeente se inkomste onder hierdie bedrag is, en nie reeds verminderde sinodale bydraes betaal word nie, word hierdie hulp verleen. Tans word 25% van die berekende bedrag deur die gemeente verskuldig vrygeskeld.

#### **4.3.3 Aanbevelings:**

##### **4.3.3.1 Die SOK word versoek om te kyk watter van die aanbevelings haalbaar/werkbaar is in ons sinodale verband.**

#### **4.4 Aanwending van predikante:**

##### **4.4.1 Doel:**

Om na te dink oor die aanwending van predikante in 'n veranderende konteks.

##### **4.4.2 Bronne geraadpleeg:**

- Prof. Jurgens Hendriks. In die hantering van die saak is kontak gemaak met Prof. Jurgens Hendriks. Opmerkings deur hom is hierin opgeneem. Hy beveel aan dat Alan Roxburgh se boek, "Crossing the Bridge" deurgewerk word. Dit gee 'n goeie agtergrond oor die problematiek van die saak.
- Prof Eddie Gibbs en Ian Coffey: Church next quantum changes in Christian ministry.
- "A Ministry Model for the DRC Family of churches in KZN." ( CIC, Committee for Inter-Church Care)
- Studiestuk oor Brugpredikant, Sinodale Dienskommissie van die Sinode van Suid-Transvaal.
- Gesprek met Prof. Malan Nel.

#### **4.4.2.1 Opmerkings deur Prof. Jurgens Hendriks:**

Daar is nie 'n vinnige en maklike oplossing van die oorhoofse problematiek waarin ons vasgevang is nie of waardeur ons uitgedaag word nie. Wie vir jou maklike antwoorde gee, jok vir jou, verlei vir jou.

Ons gaan deur 'n kolossale paradigmaverskuwing en ons is tans in die liminale periode. Dit is die fase of tyd waarin alles na chaos begin lyk, alles is grys, daar is geen maklike uitkoms nie en jy voel redelik verlore. Anders gestel: jy is tussen twee wêrelde. Ek ken nie 'n beter boek wat dit beskryf as Alan Roxburgh se boek, "Crossing the Bridge" nie.

Wetenskaplik gesproke: jy kan nie 'n probleem oplos as jy nie die oorsaak van die probleem verstaan en kan artikuleer nie. In die nuwe SA Christian Handbook is 'n opsomming gegee oor wat nou met ons wêreld aan die gang is n.a.v. die sosioloog Manuel Castells se navorsing. Sonder insig in hierdie groter prentjie sal ons tevergeefs "klein oplossing-kies" soek.

#### **Vinnige kort opmerkings:**

- Stap doelbewus af van en probeer beweeg uit die "beheer en regeer" paradigma en die dominees kerk ekklesiologie.
- Gee gemeentes, ringe, sinodes (en natuurlik dominees) maksimum vryheid om te eksperimenteer. Hiermee word bedoel dat ons in 'n chaos tyd, chaos moet toelaat om sigself uit te speel. (Vgl Margaret Wheatley se uitstekende werk in die verband – oor leierskap in oorgangstye: Wheatley, Margaret J. 1999. Leadership and the new science (revised and expanded). San Francisco: Berrett-Koehler. Vanuit 'n theologiese hoek gesien moet ons die Gees van die Here vertrou om dan ten minste sekere van ons te lei om uit die donker uit te kom – en die Woord sal altyd die rots wees waarop jy die Here reg hoor.
- Ons moet die strukture wat ons kerkordelik-reglementêr bind, so los as moontlik maak sodat ons die vryheid kan skep sodat gemeentes kan eksperimenteer.
- Aanvaar spanning en breuke as onvermydelik en skep doelbewus openheid om te verskil, leer om op die saak te konsentreer en nie persone te etiketteer en af te skryf nie. Dis is nogal baie swaar. Mens moet egter met mekaar in gesprek bly en doelbewus baie tyd aan verhoudings spandeer.

- Ek dink ons moet teruggaan en geskiedenis gaan lees. Salomo het gesê daar is niks nuuts onder die son nie, wat gebeur, het reeds gebeur (Pred 3:15). Ek vind dat die bestudering van vorige oorgangstye geweldig baie help
- Hanteer dit prosesmatig en nie programmatig nie!

#### **4.4.2.2 Opmerkings uit die boek van Prof. Eddie Gibbs en Ian Coffey: Church Next quantum changes in Christian ministry:**

- **Toenemende eise word aan die kerk gestel op pastorale gebied:** Mense soek by die Kerk emosionele ondersteuning en berading, praktiese hulp en raad. Die terapeutiese model van bediening waarmee die bedienaars toegerus is, lei daar toe dat baie oorweldig word deur die eise van die tyd. Hul het dikwels nie die energie oor om die eise van strategiese leierskap ook te hanteer nie. By alles is die beradingsvaardighede nie opgewasse om die stukkende lewens van mense na behore te ontmoet nie. Slegs die evangelie en die helende en heilende werk van die Heilige Gees sal betekenisvolle en permanente verandering in die lewe van mense teweegbring. Slegs God kan 'n Kerk laat groei. Ons taak is om saam te werk met God in Sy werk. (pp104-106)

**Opmerking:** Hieruit sou 'n mens wil sê dat dit belangrik is dat predikante genoeg tyd sal hê om voor God stil te word en dat die Kerk in die breë moeite sal doen om op die vlak van berading verder toerusting sal gee.

#### **Aanpassings moet gemaak word in die toerusting van leiers:**

- Besondere aandag moet gegee word aan leierskapsontwikkeling. Leierskapsopleiding het verskeie belangrike fasette waaronder die fokus op die leier se self-identiteit, nie slegs in terme van hoe jy jouself beleef en sien nie, maar hoe jou verhouding met God is.
- 'n Tweede belangrike moment is die identifisering en ontwikkeling van die leier se gawes.
- 'n Verskuiwing moet plaasvind van 'n onafhanklike en individualistiese uitgangspunt in die bediening tot 'n meer spangeroriënteerde benadering. "A Lone pastor too easily becomes a lonely pastor." In opleiding van predikante moet daar voorsiening gemaak word dat hulle in spanverband kan ontwikkel.
- Die roloverwagting rondom predikante moet verander. Van predikante word verwag om 'n wye verskeidenheid van rolle te vervul. Hul moet in staat wees om lede van die gemeente deur elke stadium van hul lewe te vergesel ook in die krisisse wat langs die lewenspad ontstaan, maar moet ook prediker, onderwyser en evangelis wees. Hul moet die gemeente bestuur en die hele bedryf hanteer. Predikante self moet die versoeking weerstaan om te poog om elke misplaasde verbruikers behoeft te bevredig. Dit is onmoontlik om al die vaardighede te ontwikkel om te beantwoord aan die verwagtinge wat gegenereer word, en afgedwing word deur mense in die Kerk. Agter hierdie eise van ander staan dikwels die abdikasie van verantwoordelikheid deur individue of groepe om saam te werk, om probleme op te los, en ondersteuning te verleen ens. Dit word soms gebruik as 'n strategie om iemand anders te vind om te blameer vir eie foute en koppigheid.
- Leierskap moet innoverend, aanpasbaar wees: Die konteks waarin leraars vandag werk is onderworpe aan voortdurende verandering. So 'n konteks vra die vermoë om te improviseer. Spanbou in 'n nuwe konteks moet baie aandag kry. Die leier moet daarin slaag om kreatiewe improvisasie te faciliteer by elke lid van die groep.

Die bediening is nie meer so dat dit bestuur kan word uit 'n gekontroleerde en geskeduleerde oogpunt met 'n voorafbepaalde uitkoms nie. Kenneson en Street maak die geldige opmerkings dat daar voorbeeld is in die Skrif wat demonstreer dat die Kerk nie altyd hoef te weet waarheen God lei nie, en hoe die Kerk daar gaan kom nie, bv. die geskiedenis van Abraham. Wat natuurlik belangrik is om die leiding van die Gees te gehoorsaam. (pp 112-113)

- "A Christian leader is someone who is called by God to lead and posses virtuous character and effectively motivates, mobilizes resources and directs people toward fulfillment and an jointly embraced vision from God." (George Barna) In 'n veranderende samelewing is dit dus meer as ooit belangrik dat leiers moed en betroubaarheid aan die dag lê. Voordat mense iemand sal volg, wil hul weet dat daardie persoon vertrou kan word. (p. 114)
- **Die rol van die kerk in die gemeenskap:** Die rol van die Kerk in die gemeenskap sal groter aandag moet kry... (Beweeg van 'n " generic congregation to incarnational communities pp. 221-230) Die bediening moet almeer geskoei word na die voorbeeld van Jesus self. (Vergelyk Filippense 2:5) Die Kerk in die westerse wêreld word nie meer gesien as 'n kerninstelling wat die samelewing bymekaarhou nie. Kerkwees vereis die sterwe aan die self, self afhanklikheid, selfgesentreerde promosie en selfsugtige 'concerns'"... sodat Christus verheerlik word.
- **Missionêre gerigtheid:** Die profetiese taak van die Kerk is om die woord van God te verkondig, deur verstaanbare taal te gebruik en toepaslike middele in 'n wêreld van rebellie en verwarring. Die Kerk kan nie hoop om sy vroeëre posisie in die samelewing te herwin nie. Dit moet leer om te werk as een deel in die kulturele mosaic, maar 'n deel wat geroep is om sout en lig te wees, "bridging and permeating other pieces of the mosaic." "The mission of the church today to an alien culture around it requires much more than adapting existing structures. Rather it requires the creation of new forms of common life. ...The scriptural models of the church call for a more holistic approach."
- **Ontwikkel 'n Apostoliese "commitment"** Dissipelskap in die Nuwe Testament was gekoppel aan Apostelskap. Om van die Here te leer het beteken dat daar uitgegaan word in die wêreld in Sy Naam. Daar moet uitgereik word met nuwe erns tot hulle wat onbereik is. 'n Kerk hoef nie oorsee te gaan om Apostolies te wees nie, jy hoef dalk net die straat oor te steek. Apostoliese Kerke weier om mense te laat vasval in kommissies en ander tydrowende roetine take. Hul maak seker dat die grootste deel van hul lekewerkers besig is met bediening en uitreike. (Dalk as die Kerk nie net probeer oorleef nie, maar hierdie roeping ernstig neem sal die leiers minder spanning ervaar en meer genot in hul taak beleef)
- Die Kerk moet sy strategie verander van 'n Kerk wat uitnooi tot 'n Kerk wat infiltreer. Dit help nie net om die soeker uit te nooi nie, die Kerk moet Kerk in die wêreld wees... neem Christus na die wêreld.
- Nuwe Paradigma Kerke erken die belang van aanbidding. Dit is noodsaaklik om 'n transformerende ontmoeting met die Here te hê.
- Leiers is besorgd oor die toerusting van mense om God se sending in die wêreld uit te voer. Hul is broos en toeganklik en het die gesag wat hul uitoefen verdien. Hulle is bewus van kulturele waardes en rigtings. Hul kan gemaklik meng met die ongekerstende sowel as met die Kerkmense. Hul bou vertroue en is betroubaar. Hul beleef die teenwoordigheid van die Here.

**Opmerking:** Leraars sal dus al meer hul rol om ander toe te rus in Bybelse lig moet uitvoer instede van vas te val onder allerhande verwagtinge wat ander ook kan vervul.

#### **4.5 A Ministry Model for the DRC family of churches in KZN:**

Deur die CIC (Committee for Inter-Church Care)

##### **Achtergrond:**

'n Werkswinkel is gehou om 'n meer bekostigbare model vir die NG Kerk familie in KZN te bedink. Die model fokus daarop om die rol van leraars en vergaderings te herdefinieer ten opsigte van die bediening van die evangelie van Jesus Christus. Die oplossings word gesien as moontlikhede vir die hele NG Kerk familie en nie net die VGKSA nie. Die resultaat van hierdie werkswinkel is nie die einde van die pad nie, veranderinge kan dus aan die konsep aangebring word..

##### **Uitgangspunt:**

Die oplossing moet fokus op :

- Opgeleide leiers
- Venootskappe:
  - .....Primêre en Sekondêre.
  - .....Kleiner gemeentes.

##### **Die Model wat voorsien word: “AN APOSTOLIC MINISTRY MODEL”**

(Oorgeneem uit die verslag van die CIC)

The three focus areas of this new model are the following:

###### **4.5.1 Trained leaders:**

One of the identifying characteristics of the DRC Family is her highly trained ministers (and evangelists). Few other denominations has the same level of theological and Bible education for their leaders. This is a non-negotiable for the church. On the other hand these highly trained leaders make the church structures too expensive for the poor rural communities of KZN.

A lower level of trained leaders is proposed in the new model. The highly trained, graduated, ministers/evangelists should become the trainers of lay leaders. These lay leaders should be *well trained* in all the disciplines of theology, but obviously not on the same level as the graduated ministers. The well trained leaders must be unpaid (“tentmaker”) local leaders of small local congregations. The possibility to ordain these well trained lay leaders to preach and conduct the sacraments should be investigated via the correct church order procedures.

The highly trained ministers focus on the training of the local leaders and not on the ministry of the local (branch) members as in the old model. Of course other ministry work will always be part of such a minister's work load, but not the focus anymore. Where the highly trained minister currently has to leave the local (district) church centre to visit the branches (“wyke”)

on a regular basis, in the new model the local well trained leaders will rather come to the district centre for training and mentoring.

Training becomes a continues ministry for the highly trained ministers. This includes theological and Bible training of the spiritual leaders, as well as the administrative training of the local administrators, the training of Sunday school teachers, youth leaders, women's leaders, etc.

#### **4.5.2 Partnerships:**

The guidelines for partnerships, as been accepted by synods and presbyteries, can be applied in the *apostolic ministry model* with great success. There are three tipes or levels of partnerships:

##### **4.5.2.1 Primary partnerships**

This is where two congregations, churches, presbyteries or district centres enter into an equal partnership. The partnership may have different levels of co-operation, mutual service delivery and support to one another.

##### **4.5.2.2 Secondary partnerships**

Often the above primary partnership between two church structures needs more support and capacity from other church structures. In such cases the primary partnership link to other structures on a second level. These secondary partnerships may be more informal or with formal and binding agreements, depending on the specific situation.

##### **4.5.2.3 Clusters**

Clusters is what is seen in the new model where smaller congregations in an area or district are clustered interdependent around a district structure. Ideally these clusters will have at least one highly trained minister to train, support, monitor and mentor the well trained lay leaders in the local congregations. To strengthen the denominational ties these small congregations should gather at least once or twice per annum (in the regional centre). Special Christian festivals could be good opportunities for such gatherings.

#### **4.5.3 Smaller congregations:**

The new model makes provision for smaller, rather than larger congregations. What is currently seen in URCSA as a "branch" (wyk), or in the DRC as a "small, non-sustainable, congregation", or in the RCA as a "mission" could easily develop into a small in(ter)dependant congregation.

Many of these small local entities never see themselves as being "church" in the full sense of the word. They only feel part of the "church" if they gather with the rest of the bigger congregation (church). This is one of the reasons why these little entities never do missionary work (outreach programmes, etc) on their own. Within the current model they are very introspective orientated, without a strong local leader.

The new model develops an in(ter)dependant local church that is also mission orientated – a true missional church (*ecclesia completa*). The missional outreach of these churches must be done under the leadership of a well trained leader. In this way the local congregation is expanding, becomes selfsupported and stays interdependent .

#### **4.5.4 Aanbevelings:**

4.5.4.1 Die Sinode skep '**n sentrale fonds**' waaruit alle leraars in diens van die Kerk in Natal besoldig word. Die bydraes tot die fonds word bereken op grond van die lidmaattal van gemeentes. Die voordeel is dat die spanning waardeur leraars gaan in die berekening van hul salaris en of aanpassings gegee word van hul weggeneem word, sowel as die spanning wanneer 'n gemeente nie meer alles kan bybring nie. Hier sal gekyk moet word na 'n mimimum grote vir gemeentes. Waar 'n gemeente dus te klein word sou dit dus oneffektief wees om 'n leraar voluit daar in diens te hou, maar moet eerder gedink word aan gedeelde bediening.

4.5.4.2 **Gedeelde bediening:** Waar gemeentes te klein word om 'n leraar in voltydse diens net vir hulle te regverdig, moet gedink word aan die deel van 'n leraar met die buurgemeente. Daar sou tot 'n ooreenkoms met die buurgemeente gekom kon word om teen bepaalde bydrae tot die leraar se pakket en veral reiskoste die leraar te bruikleen, vir pastorale sorg of eredienste ens. Dit sou dan inhoud dat die betrokke gemeente self instaan vir daardie take wat ook maar van die leraars verwag is, maar eintlik deur lidmate self hanteer kon word. Hier sou dit dus belangrik wees dat 'n pad van skoling geloop word om lidmate te help om volle verantwoordelikheid te neem vir die betrokke rol wat hul moet vervul. Die voordeel sou wees dat 'n groter gemeente wat wel ekstra hulp nodig het en dit nie kon bekostig nie, dit dalk nou kan oorweeg in samewerking met die buurgemeente. Gemeentes wat beter af is kan dus help dat andere wat swaarder kry ook versorg kan word. Die model van CIC word as werkbare model gereken.

4.5.4.3. **Abba Gemeentes:** 'n Meer welvarende gemeente besluit om as deel van hul bediening 'n kleiner gemeente te abba. Dit sou kon behels finansiële ondersteuning, of die verlening van bepaalde dienste, skoling van leiers, predikingshulp ens.

4.5.4.4 **Deelposte:** Twee gemeentes maak saam en beroep een leraar wat beide bedien. Die gemeentes kom vooraf tot helderheid oor wat van hierdie leraars verwag word, waar hy bly, hoe dienste gereël word, ens.

4.5.4.5 "**Missionêre bondgenootskappe.**" Dit gaan hierin om gemeentes wat na mekaar begin omsien, en begin om saam te werk aan sake van werklike belang. Die leraars kom bymekaar en betrek "meningsvormers" vanuit die verskillende gemeentes om saam te dink en gesels. Gemeentes word stelselmatig oorreed om die bediening verder te neem as die gemeente self. Die Ringsleraars se spesialiskennis word in die Ringsgemeentes aangewend.

4.5.4.6 **Verdienstelike vergunning:** Waar leraars in gemeentes werk waar hul baie moet inboet, onderbetaal word, of andersins, word vanuit 'n sentrale fonds(Ring of Sinode) 'n inset gelewer om die leraar en sy gesin vir 'n naweek of so weg te stuur as gebaar van bemoediging en onderlinge omgee. Dit is nie 'n saak na willekeur nie, daar moet insig openbaar word in die leefwêreld van die leraars en gesinne.

#### **4.5.4.7. Sentralisering deur die Ring:**

Die Ring oorweeg dit om 'n leraar in diens te neem wat deur die Ring besoldig word, maar dan gebruik word om diens te lewer binne die swaarkry gemeentes binne die Ring. Die leraar sal dus reisende wees en leiding binne die betrokke gemeentes gee, maar die dag

tot dag funksionering in die gemeentes moet deur die lidmate/bedieninge self hanteer word. Die verblyf van die leraar sou kon wees in een van die gemeentes se pastorieë, en sou die betrokke gemeente daardeur dus bevoordeel kon word. 'n Totaal nuwe gedagte sou wees om leraars nie meer in gemeentes te orden nie, maar vanuit die Ring. Die Ring beroep leraars en stel hul aan in 'n bepaalde gemeente. Na 'n aantal jare oorweeg die Ring om leraars te roeteer volgens billike beginsels en in onderhandeling met leraars self. Die fondse vir die besoldiging word dan uit die gemeentes verhaal waarin bydraes ook weer op lidmaattal bereken word. Die Ring het Leraars in diens wat spesialisdienste verrig wat oor die hele Ring benut word. Die Ring beplan die bediening oor 'n bepaalde area in samewerking met die gemeentes en stel bedieningsleiers beskikbaar om gemeentes daarin te lei. Weereens val die klem dus op die selfwerksaamheid van die lidmate in gemeentes.

**4.5.4.8 Tentmakerbediening:** Tentmakerbediening sou steeds benut kon word as oplossing . Die volgende voorwaardes moet egter geld: ....dit mag nie 'n prys wees wat slegs deur die leraar betaal moet word nie. Dikwels word nie alle moontlikhede benut om 'n gemeente se fondse te hanteer nie, maar die leraar moet die opoffering maak. Dit sou ook oneties wees vir 'n gemeente om fondse op te bou en te spaar terwyl hul leraar dan as tentmaker moet funksioneer..... spesifiek waar 'n leraarspos afgeskaal word tot 'n tentmakerspos. As 'n gemeente geen fondse het nie, is dit 'n totaal ander saak. ....daar moet werklik genoegsame tyd beskikbaar wees vir die leraar om 'n billike inkomste vanuit ander bronne te kan verdien. Van tentmakers word dikwels verwag hul moet tentmakers wees, maar ook voltyds die gemeentes bedien. In die hele proses moet die leraar steeds tyd vir rus nodig hê, anders sal sy luister en stilwees voor God nie tot sy reg kan kom nie. ....dit sou ook 'n onregverdigte bediening wees as daar geen pensioenvoorsiening, nog medies vir die leraar en gesin beding is nie. ....Die logiese is dat daar steeds binne die bestaande Riglyne van die Kerk funksioneer moet word.

**4.5.4.9 Rolverwagting van gemeentes ten opsigte van leraars:** In die veranderende wêreld waarin geleef word, sal gemeentes nuut moet besin oor wat billik is om van leraars te verwag. Daar mag gevind word dat as leraars nie maar net besig gehou moet word met take wat lidmate self kon verrig nie, maar by die eintlike opdrag en roeping uitgekom word, die harte en hande heelwat oper mag wees om wel die gemeente te dra. Dit beteken dus ook dat leraars wat vasgeval het in die groewe van roetinetake daaruit sal moet onthaak. Daarin kan die A-Z Handleiding vir predikante help.

**4.5.4.10 Brugpredikant:** 'n Predikant word ingekontrakteur vir tot ses maande om 'n gemeente te begelei nadat daar 'n vakature ontstaan het. Dit help die gemeente om tot verhaal te kom, en weer nuwe perspektief te verkry. Die studiestuk spel die moontlikhede in die verband duidelik uit.

**4.5.4.11 Hervisionering:** Die Kerk moet fokus op sy roeping in die wêreld, en God se antwoord vir die wêreld.

## **4.6 Opleiding van predikante:**

### **4.6.1 Inleidend:**

Die vraag is of die bestaande opleidingsstrukture voldoen aan die behoeftes van vandag. Moet daar nie dalk na alternatiewe moontlikhede gekyk word nie? Moontlikhede soos: Twee verskillende tipes opleiding nl :

- 'n sewe jaar akademiese opleiding vir predikante wat meer in die akademie en bestuursposte belangstel.
- 'n Korter (3 of 4 jaar) B Th opleiding wat meer praktykgerig en gespesialiseerd is. Daarna word so 'n persoon ook gelegitimeer.
- Daar moet ook indringend gekyk word na die moontlikheid van telematiese opleiding. So 'n persoon kan in 'n gemeente help terwyl hy telematies sy studies afhandel. Dit sal ook gemeentelede aanmoedig om hulle te bekwaam met die oog op tentmakerbediening sonder om voltyds hoef te gaan studeer.
- Daar kan kers opgesteek word by ander kerkgenootskappe wat suksesvol sulke opsies toepas.

#### **4.6.2 Model van Bloemfontein Kweekskool:**

<b>Verwerf</b>	<b>Vereistes</b>	<b>Tydsduur</b>	<b>Plek</b>
Teologiese Sertifikaat	Gr. 9	1 jr. voltyds 2 jr. deeltyds	Voltyds of Gedesentraliseer
Senior Sertifikaat in Teologie	Teologiese Sertifikaat.	1 jr. voltyds 2 jr. deeltyds	Voltyds of Gedesentraliseer
Diploma in Teologie	Gr. 12 Nie Univ. toelating of Senior Sertifikaat in Teologie.	3 jaar	Voltyds of Deeltyds met kwartaallikse kontakweke
B. Th.	Gr.12 Univ. Toelating of Diploma in Teologie	4 jaar.	Voltyds of Deeltyds met kwartaallikse kontakweke
M. Div.	B.Th.	2 jaar	Voltyds of Deeltyds met kwartaallikse kontakweke

Die gedagte met die desentralisering is om op verskillende plekke sentrums te vestig met Tutors wat die studente begelei en help en selfs van die vakke aanbied.

Daar sal dringend gekyk moet word om persone wat besig is met hulle studies in te trek in die kerkstrukture en hulle te gebruik.

Die Algemene Sinode sal verder indringend moet kyk om op 'n vroeere vlak van opleiding 'n persoon te bemagtig om die sakramente te bedien. Skep 'n nuwe amp in die kerk, bv. Pastorale Hulp of Hulpleraar, bepaal die minimum vereistes vir so 'n amp, bv. 'n Diploma in Teologie of 'n B.Th. en bevestig so iemand in die amp. Bevestiging in die amp laat hom dan toe om sakramente te bedien.

'n Paar sulke hulpleraars of pastorale hulpe kan in 'n streek onder 'n geordende leraar funksioneer wat hulle dan begelei en as mentor optree.

Die voordele van so 'n stelsel is as volg:

- Dit skep die geleentheid vir baie wat nie die nodige toelatingsvereistes het nie om op wattervlak ookal in te kom en van onder af homself op te werk.
- Dit gee aan lidmate die geleentheid om hulle vir die bediening beskikbaar te stel en hulle daarvoor te bekwaam sonder om universiteit toe te gaan. Veral op 'n ouer ouderdom.
- Dit maak dit vir klein plattelandse gemeentes of gemeentes in die verafgeleë gebiede soos bv. Zoeloeland moontlik om 'n lidmaat te laat oplei en hom te gebruik in die gemeente.

#### **4.6.3 Aanbevelings:**

**4.6.3.1 Die opsies van Bloemfontein word deurgegee aan al die gemeentes vir kennisname.**

**4.6.3.2 Die SBK word versoek om die studiestuk deur te gee aan ADGO.**

**4.6.3.3 Die ADGO word versoek om indragend na die opsie van 'n nuwe amp in die kerk te kyk.**

**4.6.3.4 AKTO word versoek om 'n verteenwoordiger van Die Sinode van KZN op hulle kommissie te koop te.**